# Grow Glow Go 3

**Grow / groei**

**Alles in lewe groei. Ons moet groei - liggaam, siel en gees - soos God te wees**

**Glow / gloei**

**God ons die lig gemaak.  Ons geskape sodat Hy deur ons kan lewe. Ons moet soos God dink. Moet 'connected' aan God wees.**

**Go / gaan**

**Ons is Jesus se liggaam hier op aarde.  Sy hande, voete ens. Maar ons het ook 'n hart, verstand en die vermoë om God te kan hoor. Ons is die H.G. se woonplek wat mense wil aan raak in die wêreld.**

**Wat is Go/Gaan nie:**

- **Ons gaan nie die wêreld in om dit reg te maak soos jy dink nie.**
- **Ons gaan nie ander oordeel nie.**
- **Sondes uit wys nie.**

**God wil hê ons moet uitgaan en vir mense gaan bid. Is dit nie wat God wil hê nie?**

**Ons moet agente vir Hom wees.**

**Wat doen agente? Hulle loop rond en soek mense. Hulle vertel jou van die produk. Hulle vertel hulle goeie storie. Hulle is vriendelik, kalm en geduldig. Hulle wil jou hêlp. Hulle het 'n "Brand Name". Dink byvoorbeel aan Out surance, SANBS ens. So moet ons ook agente vir God wees.**

***"Thê church does not have a mission, thê mission has a church."***

**Van die begin af het God al 'n missie gehad. Daarna het Hy eers 'n kerk gestig.  Met ander woorde, God stig 'n kerk om Sy missie te doen. God wil hê ons moet agente**

**wees. Jesus het die produk. Dus so moet ons ook uitgaan en agente wees vir God wat mense vertel van Jesus.**

## Voorbeeld uit die Bybel uit:

**God se volk het in Jerusalem gebly. Die stad was bekend as ‘n stad van vrede. Maar daar het n ding met hulle gebeur. In die jaar 597 voor Christus het die Babiloniërs Jerusalem ingevaar en hulle gevange geneem . Die Here haal hulle daar uit Jerusalm uit. Die volk van God is uit n plek van vrede, gemak en voorsiening uitgeem na ‘n plek van chaos, onbekendhêid en ongeloof.  Dink n oomblik hieraan dit gebeur met ons ook.**

**Was jy al in chaos gewees?**
**Jy word in situasie gesit waar chaos is. By die werk, is jy in n plek van chaos? Wil rustig Pretoria toe ry maar dan is daar chaos. Miskien as familie kom kuier - chaos. Die hoe die kinders van die Here hier gevoel het. Hulle wou terug gaan na hulle stad van vrede toe - waar dit gemaklik was. Onthou God het ‘n missie. Hy gebruik Sy agente om iets daaraan te doen. Jy dink dalk jy wil uit die situasie (Babilon) kom maar God wil hê jy moet n agent wees in jou Babilon.**

## Wat se die Here vir die agente?

***Jeremiah 29:4-7***
***(4) Die Here, die Almagtige, die God van Israel, sê vir al die mense wat Hy uit Jerusalem na Babel toe laat wegvoer het: ( 5) “Bou huise en woon daarin. Plant tuine en eet die kos wat dit oplewer.  (6) Trou en verwek kinders. Sorg dat julle kinders ook trou sodat julle baie kleinkinders sal hê! Sorg dat julle getalle daar vermeerder en nie verminder nie. (7) Dra ook julle deel by vir vrede in Babel waarhêen Ek julle in ballingskap laat gaan het. Bid tot die Here sodat dit goed sal gaan met die stad waarin julle bly. As dit met Babel goed gaan, sal dit ook met julle goed gaan.”***

**Wees ‘n vrede draer. ‘N Agent van vrede. God haal hulle nie uit die situasie uit nie.**

**Hy wil jou daar hê. Wil die Here jou in Nylstroom hê? Wil God jou by jou werk hê, wil God jou in Kokanje hê? Ons kan moan of ons kan se Here: "Gebruik my - Ek wil 'n agent wees'. Besef - God wil jou 'n agent van vrede maak in jou Babilon.**

**Wat se God?**

***Matteus 5: 9***

***9 Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.***

***Johannes 14:27***

***"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.***

**Ons is kinders van God - agente van vrede. Jy lyk soos jou pa/ma. Maak nie saak waar jy is nie - by jou werk, gesin, winkels - jy lyk soos jou pa/ma. So ook moet ons uitgaan, en vrede wys en ons sal gesien word as kinders van die Here. Dink n oomblik hieraan - In jou Babilon wil God hê jy moet 'n vrede maker wees.**

**Hoekom wil God dit hê?**

**God wil hê ons moet mense beïnvoled, en vrede versprei. Ons moet meer doen as net vrede geniet maar ons moet doelbewus uitgaan in ons Babilon en Jerusalem gaan wees. God wil hê jy moet GO/GAAN - wees 'n agent van vrede. Jy kan 'n goeie agent wees.**

**Hoe kan ek vrede maak in my Babilon?**

- **Luister en Hoor:**

***Jak 1:19***

***My geliefde broers en susters, wees altyd gou om te luister, nie te gou om te praat nie, en nie te gou om kwaad te word nie.***

- **Hoop praat :**

***1 Kor 14:3***

***Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos.***

- **Leef liefde uit:**

***1 Kor 13:4-7***

***(4) Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. (5) Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie,is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. (6) Dit verbly hom nie oor onreg nie,maar verheug hom oor die waarheid. (7) Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.***

**<u>GO/Gaan</u>**

**Paulus is 'n goeie voorbeeld. Hy was vir twee weke lank op 'n boot gewees. Die volgende oomblik breuk daar 'n storm uit en Paulus is 'n agent van vrede in 'n situasie wat chaos is. God het vir Paulus die vorige aand deur engel 'n plan gegee. God het deur 'n engel met hom gepraat en nie die storm nie. God wil met jou praat en vir jou 'n plan gee. Net soos Paulus - laat toe dat die Heilige Gees inspraak in jou lewe kan hê sodat jy 'n agent van vrede kan wees in jou chaos/Babilon.**